Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

JUNIE 2013

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

KLINIEKGRONDE VERVREEM

OPGRADERING EN UITBREIDING VAN FASILITEITE BEOOG

Die Raad het einde April beginselgoedkeuring verleen dat drie klinieke wat op munisipale grond staan aan die Departement van Openbare Werke geskenk word. Die betrokke klinieke is op Gansbaai (erf 3904 van 6000 m2), Hawston (erf 2203 van 1351 m2) en Kleinmond (erf 7699 van 927 m2).

Kennis is geneem dat die betrokke eiendomme nie vir die lewering van basiese munisipale dienste benodig word nie. In die geval van Gansbaai moet 'n aansoek binne drie maande ingedien word vir die hersonering van die perseel anders val dit terug na die Munisipaliteit.

Dié stap word gedoen kragtens 'n ooreenkoms wat tussen die Wes-Kaapse Regering en die Suid-Afrikaanse Plaaslike Regeringsorganisasie (SALGA) bereik is dat primêre gesondheidsorgdienste van munisipaliteite na die provinsiale administrasie oorgedra word. Inbegrepe by dié ooreenkoms was die verstandhouding dat bates en laste ook oorgeneem word en dat vaste eiendom sonder enige vergoeding aan die Departement van Vervoer en Openbare Werke oorgedra word.

Dit het nou nodig geword om die oordrag te doen omdat die Departement van Gesondheid beoog om die betrokke klinieke op te gradeer en uit te brei. Op Gansbaai word daar beoog om met die samewerking van die Desmond Tutu TB Sentrum 'n volhoubare primêre gesondheidsorgfasiliteit van R11 miljoen te ontwikkel wat as 'n nuwe model vir hierdie tipe diens in Suid-Afrika sal dien. In dié geval sal die eiendom van owerheidsgebruik na institusionele gebruik gehersoneer word.

Die totale waarde van die eiendomme beloop volgens 'n onafhanklike waardeerder R1,725 miljoen. Alle koste met betrekking tot die transaksies, bv. opmetings, advertensies, waardasies, hersonering, ens. sal deur die Departement van Vervoer en Openbare Werke gedra word.

Volgens die verslag sal die transaksie groot gemeenskapswaarde inhou, onder meer die heffing van belastings en dienstegelde op die eiendomme, die werksgeleenthede wat met die opgraderingsprojekte geskep gaan word en die verbetering van lewensgehalte en algemene gesondheid.

JUNIOR RAADSLEDE GEÖRIENTEER

Overstrand se Junior Raad het infrastruktuur en fasiliteite van die munisipaliteit van naderby beskou tydens hul jaarlikse orientasie-besoeke op Dinsdag, 16 April 2013 (Hermanus-omgewing) en Dinsdag, 7 Mei 2013 (Stanford en Gansbaai). Die groep van 35 kom van Hoërskool Hermanus, Qhayiya Sekondêr (Zwelihle), Hawston Sekondêr, Gansbaai Academia, Curro-privaatskool en Northcliff House College (albei in Hermanus). Hier is hulle by die Zwelihle Taxiterminus-handelsplek met mnr Xolile Kosi (links), Ekonomiese Ontwikkelingsbestuurder, en me Unity Mtomile (regs), die nuwe bestuurder van die Junior Raad by Enlighten Education Trust, wat die projek namens die Munisipaliteit bedryf. (Foto: Noluthando Zweni)

NUWE DIREKTEUR VAN FINANSIES AANGESTEL

Santie Reyneke-Naudé

Die aanstelling van me Santie Reyneke-Naudé as die Munisipaliteit Overstrand se volgende Direkteur van Finansies is einde April eenparig deur die Raad goedgekeur.

Me Reyneke-Naudé het die huidige posbekleër, mnr Henk Kleinloog, opgevolg met die bereiking van sy aftree-ouderdom einde Mei.

Voorheen was sy die Senior Bestuurder van Uitgawes en Bates by die Munisipaliteit, waar sy op 1 April 2009 in diens getree het. Sy het ook senior finansiële posisies by die munisipaliteite van Stellenbosch en Middelburg (Mpumalanga) beklee. Haar akademiese kwalifikasies sluit in 'n MBA (2007) en 'n B Comm in Rekeningkunde (1988), wat sy aan die Noordwes-Universiteit op Potchefstroom verwerf het, asook 'n Sertifikaat in Munisipale Finansiële Bestuur van die Universiteit van Pretoria.

Me Reyneke-Naudé is 'n lid van die Instituut van Munisipale Finansiële Beamptes en sedert Oktober 2010 voorsitter van die Wes-Kaapse tak.

NUWE BRANDWEERHOOF

Lester Smith

Lester Smith (40) is op 1 April 2013 aangestel as die Hoof van Brandweerdienste en Rampbestuur. Hy kom van die Eden-distriksmunisipaliteit waar hy die Brandweerhoof was, maar het in sy loopbaan van twintig jaar in verskeie ander brandbestrydingsrolle by ander munisipaliteite gewerk.

Onder sy kwalifikasies is die Hoër Diploma in Brandtegnologie, maar hy is ook opgelei as brandweerinstrukteur, gevorderde ondersoeker van brandveiligheid en brande, asook as assessor, fasiliteerder, moderator en verifieerder vir die Plaaslike Owerheidsektor se opvoedings-en-opleidings-agentskap (LG SETA).

By die verwerwing van die Hoër Sertifikaat in Brandtegnologie in 1998 het Lester die George Angus Trofee vir die beste gemiddelde in bestuur en administrasie in Suid-Afrika ontvang en in 2000 is die Dries Lombaard Trofee vir die hoogste gemiddelde in dieselfde vak tydens sy studies vir die Hoër Diploma in Brandtegnologie aan hom toegeken.

Einde April is 'n hersiende weergawe van die Brandweerbestuursplan aan die Raad voorgelê. Die plan wat as 'n werksdokument geag word, weerspieël die huidige situasie van die brandweerdiens aan die hand van die SANS Kode vir Gemeenskapsbeveiliging teen Brand, maar dui ook aan wat oor die volgende vier jaar nodig is om doeltreffende bestuur te verseker en te verbeter ten einde moontlike risiko's te hanteer.

SÓ WORD VULLIS MEE WEGGEDOEN

Daar is al voorheen berig dat die Karwyderskraal-streekstortingsterrein, wat deur die Overbergse Distriksmunisipaliteit (ODM) besit en bestuur word, einde November 2011 gesluit is.

Dit was weens die feit dat die beskikbare sel vir die berging van vaste afval vol geraak het en die ODM nie 'n bekostigbare lening kon verkry om die bou van 'n nuwe sel te finansier nie. Die lening wat die ODM kon kry, sou tot 'n styging van 30 persent in stortingstariewe gelei het en dit was vir albei plaaslike owerhede wat die fasiliteit gebruik - Overstrand en Theewaterskloof - onaanvaarbaar.

Albei owerhede moes alternatiewe reëlings tref vir die hantering van die vaste afval wat normaalweg by Karwyderskraal gestort sou word. In die geval van Overstrand was die enigste opsie om die stortingsterrein op Gansbaai te gebruik, aangesien dit die enigste stortingsterrein met die nodige permitte in Overstrand se gebied is.

Die twee plaaslike owerhede onderhandel nog steeds met die ODM om 'n oplossing te probeer vind vir die uiters ongewenste situasie.

Die Gansbaai-stortingsterrein word streng volgens die permitvoorwaardes bedryf en dit sluit in dat 'n onafhanklike ouditeur jaarliks die bestuur en bedryf van die stortingsterrein nagaan. Die uitslag van die jongste oudit is op 16 Mei 2013 met die Gansbaai Vasteafvalmoniteringskomitee bespreek.

NUWE EKSTERNE LENINGS BEKOM

Die Raad het einde April goedkeuring gegee vir 'n leningsooreenkoms met ABSA Bank waardeur eksterne lenings van R120 miljoen vir die finansiële jare 2012/2013, 2013/2014 en 2014/2015 bekom is.

Die Munisipale Bestuurder, mnr Coenie Groenewald, is gemagtig om die nodige ooreenkomste en dokumente in dié verband te onderteken.

Die verkryging van die lening is goedgekeur as deel van die huidige finansiële jaar se begrotingsproses ten einde infrastruktuurprojekte vir elektrisiteit, waterriolering en vaste afval-bestuur te finansier.

Voorleggings is kragtens artikels 3 en 4 van die Munisipale Regulasies op die Bekendmaking van Skuld aangevra.

Die totale bedrag sal as vier verskillende lenings opgeneem word, waarvan drie se termyn oor 15 jaar sal strek en een oor sewe jaar.

SAKEVROUE KRY RAAD

Die Adjunk-Minister van Handel en Nywerheid, Me Elizabeth Thabethe, het op 17 April 2012 'n netwerkgeleentheid vir Overstrand se vroulike entrepreneurs toegespreek. Meer as 60 mense het die werkswinkel bygewoon wat gesamentlik deur die munisipaliteit se Departement vir Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling en die Suid-Afrikaanse Entrepreneursnetwerk vir Vroue (SAWEN) gereël is. Voor van links staan Julia Medlise, sekretaris van SAWEN Wes-Kaap), Gadija Kasu, tesourier van SAWEN WK, Me Thabethe, Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie, Norma Witten, voorsitter van SAWEN WK, en Engy LItsonae (SAWEN-lid). Agter staan van links Solomzi Madikane, die munisipaliteit se direkteur van ekonomiese ontwikkeling en Coenie Groenewald, Munisipale Bestuurder. Vir meer inligting oor SAWEN en ontwikkelingsprogramme vir klein, medium en mikro-ondernemings, kontak Jolanda Hendricks by 028 313 8928. (Foto: Noluthando Zweni)

VERFRAAIÏNG VAN DIE R43

Die munisipaliteit deel die besorgdheid van inwoners oor die verfraaiïng van die R43 en die ingang tot Hermanus, waar die provinsiale projek vir die verdubbeling van die pad nou vining sy einde nader.

Die kwessie is op verskeie vlakke deur onder meer die wyksraadslid, me Lianda Beyers-Cronjé, en munisipale amptenare met die projekbestuurspan en die konstruksiemaatskappy Vuzela Construction, opgeneem.

Die volgende het aan die lig gekom:

- Die plaveiding van sekere gedeeltes van mediaanverkeerseiland is nodig vir die bevordering van verkeersveiligheid en sigbaarheid;
- Altesame 26 Witpeer-bome (Apodytes dimidiata) sal vanaf Schulphoek-boulevard en Malvastraat in Mount Pleasant geplant word.
- Vuzela Construction sal in oorleg met Lauren Rainbird, die munisipaliteit se tuinboukundige, waterslim en immergroen struike langs die hele lengte van die nuwe palisadeheining in Mount Pleasant plant.
- Grondbedekkers sal teen die keermure op die helling van die insnyding geplant word.

"Ons is beperk in wat ons in terme van die begroting en in die lig van verkeersveiligheidsregulasies kan doen om die ingang na Hermanus groen te maak, maar ons sal ons oë oophou vir geleenthede om die voorkoms van die hoofingang van Hermanus beter te laat lyk," sê rdl Beyers-Cronjé.

Do you prefer this newsletter in another official language?

SMS your account number with E for English to 082 338 1631

WERKSWINKEL OOR VERKRYGING EN VOLDOENING VIR SMOUSE

Die munisipaliteit se Departement van Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling (PEO) gaan saam met die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme op 20 Junie 2013 'n werkswinkel oor verkryging en voldoening vir informele handelaars aanbied.

Die oogmerk met dié werkswinkel is om informele handelaars te help om aan wetgewing te voldoen, kapasiteit te bou, netwerkgeleenthede te skep en skakeling te bewerkstellig. Belangehouers sal by dié geleentheid aanbiedings doen.

Die werkswinkel vind van 08:30 tot 14:00 in die ouditorium van die Overstrand-burgersentrum plaas.

Alle informele handelaars en smouse word genooi om aan die werkswinkel deel te neem. Plek is beperk en bywoning moet voor 15 Junie by Jolanda Hendricksbevestig word. Skakel haar by **028 313 8928** of stuur 'n e-pos na **jhendricks@overstrand.gov.za**

RUSSIESE PIANIS BUITENGEWOON

OAK bied 'n uitvoering van die begaafde Russiese pianis Vassily Primakov op Sondagmiddag, 23 Junie om 15:30 in die Ouditorium van die Overstrand-burgersentrum op Hermanus aan. Primakov besoek Overstrand vir 'n tweede keer en sal werke van Chopin, Scriabin, Rachmaninoff en 'n klaviersonate van die Suid-Afrikaanse komponis Braam van Eeden speel.

Kaartjies is teen R100 (R50 vir studente) beskikbaar. Bespreek by BELLINI kunsgalery of skakel 028 312 4988. Navrae kan aan die sekretaresse, René du Plooy, by 082 940 4238 gerig word.